

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA  
(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

5 SAAKNUMMER: A111/2008  
DATUM: 1 AUGUSTUS 2008

In die saak tussen:

FREDERICK BOTHA

Appellant

10 en

DIE STAAT

Respondent

---

UITSPRAAK

15

THRING, R:

Omdat die appellant in hierdie aangeleentheid blykbaar  
Afrikaanssprekend is, is ek van voornemens om uitspraak in  
20 Afrikaans te lewer.

Die appellant het in die streekhof tereggestaan, en wel op  
twee aanklagte. Aanklag 1 was moord: daar is hom ten laste  
gelê dat hy op Vrydag 3 Februarie 2006 en te of naby George  
25 ene Carol Margaret McGill met 'n .22 kaliber pistool

/ ....

doodgeskiet het. Aanklag 2 was 'n oortreding van artikel 3 van die Wet op Beheer van Vuurwapens, No. 60 van 2000. Daar is beweer dat die appellant op dieselfde datum en plek as in aanklag 1 ter sake is, wederregtelik in besit was van 'n .22 s kaliber pistool sonder om 'n lisensie daarvoor te hê.

Op albei aanklagte het die appellant skuldig gepleit. Tydens sy verhoor in die streekhof is hy deur mnr Joubert, 'n lid van die Balie te George verteenwoordig. Die appellant is deur die 10 streeklanddros tereg skuldig bevind, soos aangekla, en soos volg gevonniss:

Op aanklag 1 is hy tot vyftien (15) jaar gevangenisstraf gevonniss en op aanklag 2 tot agtien maande gevangenisstraf. 15 Die landdros het gelas dat die vonnisse gelyktydig uitgedien moet word. Effektiewelik dus is 'n vonnis van vyftien jaar gevangenisstraf die appellant opgelê.

Die appellant se aansoek om verlof om teen sy vonnis te 20 appelleer is deur die streeklanddros van die hand gewys. Op petisie na hierdie Hof is sodanige verlof egter toegestaan.

Die enigste getuienis wat by die verhoor *viva voce* voor die Hof geplaas is, was dié van ene Riaan Nothnagel, 'n sogenaamde 25 "gedragswetenskaplike" wat namens die appellant geroep is.

Hy was vroeër vir twaalf jaar as 'n proefbeampte in diens van die Departement van Maatskaplike Dienste. Daar is ook by ooreenkoms tussen die appellant en die staat verskeie dokumente as bewysstukke ingehandig, die juistheid van die inhoud waarvan wedersyds erken is.

Die tersaaklike agtergrondsefeite kan soos volg opgesom word: die appellant is 'n 67-jarige afgetrede rekenmeester wat te George woonagtig was. Ten tye van die pleeg van die betrokke misdade was hy 65 jaar oud. Hy was drie maal met verskeie vrouens getroud, maar al drie sy huwelike het in egskeidings beëindig. Vroeg in 2002 het die appellant die oorledene, Carol McGill, ontmoet. Sy was ten tye van haar oorlye ongeveer 55 jaar oud. In Junie 2002 het hulle verloof geraak en daarna het hulle 'n woning met mekaar gedeel. Hulle het egter nie getrou nie. Op 31 Oktober 2005, dit wil sê ongeveer drie maande voor haar oorlye, het die oorledene die gemeenskaplike woning verlaat en by haar moeder gaan woon. Die liefdesverhouding wat tot dan tussen die appellant en die oorledene bestaan het, is deur laasgenoemde beëindig. Sy het blykbaar met 'n mansvriend 'n verhouding aangegaan. Hiermee was die appellant blykbaar bitter ontevrede en hy het deur die oorledene verwerp gevoel.

25 In 'n sogenaamde pleitverduideliking in terme van artikel

112(2) van die Strafproseswet, No. 51 van 1977, wat as Bewysstuk A voor die Hof geplaas is, en die inhoud waarvan deur die staat as juis aanvaar is, sê die appellant, onder andere:

5

“3. Ek en die oorledene was vantevore in 'n liefdesverhouding betrokke, maar sy het die verhouding beëindig en wou my nie toelaat om haar weer te sien nie. Toe die oorledene my verder meedeel dat sy 'n ander mansvriend het, het dit my diep gekrenk en my selfbeheersing uit woede laat verloor. Dit is die rede waar ek haar geskiet het.

10

4. Ek erken dat ek toe ek die skoot afgevuur het, geweeet het dat dit verkeerd is wat ek doen, maar het verkeerdelik by myself geredeneer dat, aangesien sy alles in my lewe is, dit beter is dat sy en ek eerder sterf. Ek was van plan om my eie lewe ook te neem.”

20

As Bewysstuk H is 'n beëdigde getuieverklaring ingehandig wat deur ene Jordaan de Beer Jonck afgelê is, die inhoud waarvan namens die appellant erken is. Hierdie man was met beide die appellant en die oorledene bevriend. In hierdie verklaring

25 sê Jonck die volgende:

“Op Woensdag 06-02-01 omstreeks 19:00 was ek besig om uit my motor te klim by my suster se woonstel. Die verdagte het toe ook met ’n bakkie waarop Prof-Master staan, kom stilhou. Hy het met ’n kwart-vol bottel wyn uit die bakkie geklim en met my begin gesels oor Carol. Volgens hom het hy Carol met haar verjaarsdag geskakel waarop sy die foon in sy oor neergesit het. Hy vat toe ’n sluk uit die bottel wyn en sê ‘Jorry mark my words, ek gaan daardie vroumens doodskiet.’ Dit was duidelik dat hy na Carol verwys het omrede die gesprek juis oor haar gegaan het. Ek het nog aan hom gesê dat so iets nie die moeite werd is nie, want hy gaan net sy eie lewe verwoes. Hy voeg toe by dat hy nie omgee nie want as hy dit gedoen het, gaan hy homself ook vrek skiet.”

Voor dit en wel op 27 Januarie 2006 het die appellant reeds ’n selfmoordbriefie begin opstel waarin hy, onder andere, geskryf het:

“... Carol loop uit my lewe uit na 5 jaar. Ek sal haar nooit vergewe wat sy aan my gedoen het nie. Ek gaan my en haar lewens beëindig.”

’n Buurvrou van die oorledene, ene Maria Magdalena Schraverus, se getuieverklaring is as Bewysstuk F ingehandig. Die inhoud daarvan is ook erken. Daarin vertel sy hoe sy ongeveer 17:45 namiddag op Vrydag, 3 Februarie 2006 gesien het hoe die oorledene[sic], wat sy nie geken het nie, in ’n bakkie voor die oorledene se woonstel gearriveer het. Hy het haar gegroet. Die oorledene het toe uit haar woonstel gekom en sy en die appellant het met mekaar gesels. Die getuie se verklaring lees verder:

“Sy het toe terug beweeg na haar woning terwyl die man stadig agter haar aangery het. Sy het toe binne die erf inbeweeg en hy was buite die erf. Die manspersoon het op daardie tydstip buite sy bakkie gestaan langs die muur. Die persoon het toe aan Carol gevra ‘Why do you hate me so much’. Toe sê Carol vir hom ‘It’s all over’. Ek het gesien dat sy beweeg langs die woonstel af en hy is kort agter haar. Die volgende oomblik het ’n gegil gehoor en onmiddellik h (onleesbaar) skoot hoor afgaan. Dit het geklink na ’n gewerskoot. Ek het gesien dat die manspersoon langs die woonstel van uitkom, maar ek het nie gesien dat hy wegry nie. Ek het gehoor dat h voertuig met ’n spoed wegtrek.

Ek is toe na die woonstel waar Carol gebly het en gesien dat sy lê op die grond en dat bloed uit haar mond vloei.”

5 In 'n verklaring wat hy op 4 Februarie 2006 voor die polisie afgelê het en wat as Bewysstuk G voor die Hof geplaas is, het die appellant die volgende gesê:

10 “Ek het vir Carol gebel en gevra of ons weer kan  
uitgaan. Sy het gesê dat ek haar nie moet pla nie  
en sy het reeds 'n ander boyfriend. Dit het my  
natuurlik woedend gemaak waarna na my vriend  
Carl (onleesbaar) toe is. Ek het gesien waar hy sy  
15 rewolwer/pistool bo-op 'n kas gesit het. Ek het die  
pistool onwederregtelik(sic) geneem en na Carol se  
woonstel gery. Ek het gewag tot sy by die huis kom  
en daar was 'n hewige woordewisseling tussen ons  
twee gewees, waarna ek vir haar gesê het dat sy  
my moes gesê het dat sy 'n boyfriend het en sy hou  
20 my aan 'n lyntjie. Ek was op daardie oomblik blind  
van woede en ek het die pistool op haar gerig en  
haar geskiet. Voordat ek na Carol gegaan het,  
was ek by Beer (die polisieman) gewees en vir hom  
gevra om vir my te wys hoe die pistool werk. Hy  
25 het my toe gewys.”

Volgens die nadoodse ondersoek van die oordeene se lyk was sy oorlede as gevolg van 'n enkele skietwond in die linkerbors wat haar longe, hart en aorta deurgedring het.

5

Daar is geen toelaatbare getuienis voor die Hof geplaas tot die effek dat die appellant tydens die doodskiet van die oordeene hoegenaamd onder die invloed van drank of dwelms was nie.

10 Ek handel kortliks met Nothnagel se getuienis. Hy het op 'n aantal faktore gewys wat, volgens hom, as strafversagende omstandighede in ag geneem behoort te word. Hulle is die volgende:

- 15 1. Die appellant se blindelinge emosionele en fisiese gehegtheid aan die oordeene.
- 20 2. Alkoholiname deur die appellant. Soos ek reeds gesê het is daar egter geen getuienis daarvan behalwe ontoelaatbare bewerings wat aan Nothnagel deur ander persone gemaak is, insluitende die appellant, en wat deur niemand onder eed bevestig is nie. Selfs in die appellant se pleitverduideliking, Bewysstuk A, en in sy verklaring aan die polisie, Bewysstuk G, word geen melding
- 25

/....

daarvan gemaak nie. Myns insiens kan hierdie beweerde faktor dus veilig buite rekening gelaat word. Mnr Stamper, wat namens die appellant voor ons verskyn het, het dit ook toegegee.

5

3. Die appellant se obsessionele gedrag jeens die oorledene en haar emosionele verwerping van hom.

4. Die feite dat een van die appellant se broers vroeër dieselfde jaar oorledene is en dat sy moeder, aan wie hy baie geheg was, in Desember 2005, oorlede is.

10

5. Nothnagel het in sy getuienis gesuggereer dat die appellant as gevolg van sy gemoedstoestand minder toerekeningsvatbaar kon gewees het. Hieroor meer later.

15

6. Die feit dat die oorledene ongeveer drie maande voor die skietvoorval uit die gemeenskaplike woning getrek het, sou die appellant onder ekonomiese druk geplaas het.

20

7. Die feit dat die oorledene 'n verhouding met 'n ander man aangeknoop het, sou die appellant verder verbitter het.

8. Die appellant het deeglike insae in die gevolge en implikasies van sy optrede en hy

25

voel geweldig hartseer daaroor, sê mnr Nothnagel.

9. Volgens mnr Nothnagel, het die appellant ook egte berou oor sy optrede. Hy het skuldig gepleit en hy het sy volle samewerking aan die polisie verleen. Hy het ook gesê dat hy graag diegene wat deur sy misdadaad geraak is, om verskoning sou wou vra, maar dat hy nie weet hoe om dit te doen terwyl hy in hegtenis is nie.

10

10. Die appellant se vorige veroordeelings sluit geen veroordeelings vir geweldsmisdade in nie.

11. Sy optrede toe hy die oorledene doodgeskiet het, was geheel en al onversoenbaar met sy normale gedrag en persoonlikheid. Hy het dan, volgens mnr Nothnagel, heeltemal anders opgetree as wat mense wat hom ken sou verwag het.

15

12. Die appellant se gevorderde ouderdom. Soos

20

ek reeds gemeid het, hy is tans 67 jaar oud en was 65 jaar oud toe hy die misdade gepleeg het. Hierdie is

ongetwyfeld 'n belangrike faktor wat in die appellant se guns in ag geneem moet word. Terselfde tyd moet egter

25

nie vergeet word dat die ouderdom veronderstel is om te minste 'n mate van wysheid en bedaartheit met hom mee te bring, hiewers as gewelddadigheid. So het RUMPF, AR, soos hy destyds was, in S v ZINN, 1969(2) SA 537 (AA) verwysende na Carpovius op 541H-542A gesê:

“According to the author, old age, when accompanied by loss of mental capacity, obviously is a ground for mitigation but generally speaking, old age is not a ground for leniency although corporal punishment should not be imposed.”

Dit word dan oor die algemeen van ouer mense verwag om met groter geduld, ervaring en bedaartheit die terugslae wat die lewe af en toe vir almal uitdeel, te kan teenstaan en te kan bemeester, as wat van warmbloedige en onervare jeugdige verwag word, soos Tennysson in “Ulysses” vir ons vertel “old age hath yet his honour and his toil”.

13. Die appellant se fisiese gesondheid is nie goed nie. Hy ly blykbaar aan hoë bloeddruk,

asmatiese emfiseem, 'n knieervangingsoperasie wat hom nog pyn veroorsaak, 'n katarak in sy regteroog wat onlangs ontdek is en probleme met urinasie wat moontlik aan 'n prostaatprobleem te wyte is. Vir al hierdie kwale kan die appellant egter in die gevangenis seker voldoende behandeling ontvang.

- 10 Teenoor hierdie versagtende elemente bestaan daar etlike strafverswande faktore. Eerstens, en die ergste daarvan, is dat die moord van die oorledene blykbaar deur die appellant vooruit koel en stelselmatig beplan is. Twee dae voor die daad het hy vir Jonck gesê "Jorry, mark my woorde, ek gaan daardie vroumens doodskiet". Toe het hy 'n pistool by sy vriend Carl Babs, sonder laasgenoemde se kennis of toestemming, gaan soek en dit van sy huis verwyder. Daarna het hy by 'n polisieman gaan uitvind hoe die vuurwapen werk. Toe het hy, met die pistool gewapen, na die oorledene se woonplek gery. Daar kan myns insiens geen ander gevolgtrekking gemaak word as dat die appellant op daardie stadium reeds vasberade was om die oorledene met die pistool te gaan doodskiet. Hy het toe buite haar woonstel gewag totdat sy huis-toe gekom het. Dit mag weliswaar op daardie stadium sy voorneme gewees het om selfmoord te pleeg nadat

hy die oorledene om die lewe sou gebring het. Hoe dit ook al sy, die vooruitbeplanning van die oorledene se moord het die appellant vir 'n voorgeskrewe vonnis van lewenslange gevangenisstraf gekwalifiseer ingevolge artikel 51(1) van die 5 Strafwysigingswet, No. 105 van 1997, gelees met Deel 1 van Bylae 2 daarvan. Die appellant kan homself derhalwe as gelukkig beskou dat die landdros hom nie na hierdie Hof vir vonnis verwys het nie.

10 Heelwat van die faktore waarop daar namens die appellant vir strafversagting gesteun word, is hoogs subjektief van aard, byvoorbeeld, die intensiteit van sy gehegtheid aan en 20 gevoelens vir die oorledene, en of dit obsessioneel was, die omvang en sterkte van die gevoel van verwerping wat die appellant ondervind het toe die oorledene hulle verhouding met mekaar wou beëindig, of hy met sy selfmoordbrief ernstig was, waarom hy versuim het om sy dreigement om selfmoord te pleeg uit te voer, of hy daardeur verbitterd gevoel het toe die oorledene hom meegedeel het dat sy 'n nuwe mansvriend 20 nou gehad het in die diepte van hierdie gevoel by die appellant en, laastens, die berou wat die appellant sê dat hy het.

Dit is myns insiens belangrik dat die appellant nie bereid was om in die getuiebank onder eed oor hierdie subjektiewe faktore 25 te praat nie, waar hy hulle onder eed kon gestaaf het en

daarop kon uitgebrei het en waar sy bewerings onder kruisondervraging getoets sou kon word. Pleks daarvan, is hierdie faktore wat by monde van sy deskundige, Nothnagel, as hoorsêgetuienis aangevoer is, grotendeels ongetoets en 5 gebaseer op onbeëdigde inligting aan die deskundige verskaf. Gevolglik word die gewig wat daaraan geheg kan word, na my oordeel, heelwat verminder. Anders gestel, hierdie faktore sal heelwat meer gewig by die Hof gedra het, indien die appellant self daaroor sou getuig het. Hy is immers by 10 uitstek die aangewese persoon om dit te doen, want hy het die beste kennis van, byvoorbeeld, sy gevoelens op verskeie tydstippe en sy gemoedstoestand.

Nothnagel het van die moontlikheid van verminderde 15 toerekeningsvatbaarheid aan die kant van die appellant getuig. Myns insiens is daar geen basis in die getuienis en ander bewysmateriaal vir so 'n suggestie nie. Die appellant het deurgaans 'n lang reeks handelinge op 'n logiese, konsekwente, doelgerigte en gefokuste manier oor 'n aansienlike tydperk 20 uitgevoer. Sy optrede was ook vir 'n aansienlike tydperk vooraf beplan, waarskynlik etlike dae. Hier kan geen sprake wees, byvoorbeeld, van 'n geweldsmisdaad wat skielik in 'n vlaag van woede of ander emosie op die ingewing van die oomblik deur iemand gepleeg word nie. Die appellant sê ook 25 nie dat hy sy selfbeheersing verloor het nie of selfs dat dit

verminder is nie. Al wat hy sê is dat hy woedend was. Op die beste, van die appellant se oogpunt beskou, is Nothnagel se getuienis hieroor blote bespiegeling aan sy kant.

5 Indien gesuggereer sou word dat die appellant se vermoë om die versoeking te weerstaan deur sy emosies verminder is, wat die appellant ook nie self sê nie, kan daar gerus verwys word

na wat deur NAVSA, AR in S v EADIE, 2002(1) SASV 663

(HHA) op 689j-690d para. [60], naamlik:

10

“The view espoused by Snyman and others, and reflected in some of the decisions of our Courts, that the defence of non-pathological criminal incapacity is distinct from a defence of automatism, followed by an explanation that the former defence

15

is based on a loss of control, due to an inability to restrain oneself, or an inability to resist temptation, or an inability to resist one’s emotions, does violence to the fundamentals of any self-respecting system of law. This approach suggests that

20

someone who gives in to temptation may be excused from criminal liability, because he may have been so overcome by the temptation that he lost self-control – a variation on the theme: “the devil made me do it”. It is for this reason that it

25

was suggested earlier that the use by Joubert, JA in Laubscher's case, supra, of the word "weerstandskrag" was unfortunate. So too was the use of the word "drang" in Campher's case at 956B, referred to in paragraph [32] of this judgment. These words suggest a resistance to urges or temptation. No self-respecting system of law can excuse persons from criminal liability on the basis that they succumbed to temptation. Against the fundamental principles restated by J M BURCHELL (quoted in paragraph [58] of this judgment) it is with respect, absurd to postulate that succumbing to temptation may excuse one from criminal liability. One has free choice to succumb or to resist temptation. If one succumbs one must face the responsibility for the consequences."

Op 693g-h, para [70] het geleerde Appèlregter soos volg voortgegaan:

20

"It must now be clearly understood that an accused can only lack self-control when he is acting in a state of automatism. It is by its very nature a state that will be rarely encountered in future courts, must be careful to rely on sound evidence and

25

imply the principles set out in the decisions of this Court. The message that must reach society is that consciously giving in to one's anger or to other emotions and endangering the lives of motorists or other members of society will not be tolerated and will be met with the full force of the law."

Die streeklanddros het bevind dat daar geen wesenlike en dwingende omstandighede hier bestaan het nie wat die oplê van 'n mindere vonnis sou geregverdig het as die vonnis wat deur die Wet voorgeskryf is nie. In al die omstandighede kan ek geen fout met sy bevinding vind nie, mnr Stamper se argument tot die teendeel nieteenstaande. Mnr Stamper het na die beslissing in S v MCDONALD, 2000(2) SASV 493 (A) verwys, waar h vonnis van 15 jaar gevangenisstraf op appél na agt jaar gevangenisstraf verminder is. Myns insiens is daardie beslissing nie van enige hulp in hierdie aangeleentheid nie, aangesien die feite in daardie saak heeltemal anders was. In daardie saak was daar nie getuienis van vooruitbeplanning nie. Dit op sigself plaas die onderhawige geval heeltemal in 'n ander kader.

Die faktore wat ek genoem het wat as strafversagtend beskou kan word, word na my oordeel grootliks deur die strafverswarende faktore wat ek ook vroeër genoem het,

uitgebalanseer, en veral die feit dat die moord van die oorledene deur die appellant vooruit beplan is.

Gevolglik word die APPÉL VAN DIE HAND GEWYS.

5

  
.....

THRING, R

10 OLIVIER, WnR: Ek stem saam.

.....

15

OLIVIER, WnR

20

25